

Waarheid & dwaling

VERENIGING VIR GEREFORMEERDE LEWENSWANDEL JAARGANG 7, NO 9 SEPTEMBER 2001

REDAKSIONEEL

LAAT ONS STILSTAAN

Dinsdag 11 September. Omtrent vyftigduisend mense is die oggend besig met hulle daaglikse werk in die World Trade Center (New York). Weermag-personeel verrig hulle take in die Pentagon (Washington DC).

Dié oggend styg vier vliegtuie op met gewone lugreisigers aan boord. Een vlieg in die een vleuel van die Handelsentrum vas. Die tweede een vlieg agtien minute later in die ander vleuel vas. Kort daarna stort beide vleuels in mekaar. 'n Puinhoop gloeiende metaal en beton bly oor.

Vliegtuig drie vlieg kort daarna in die Pentagon vas. Die vierde vliegtuig boor naby Pittsburgh (Pennsilvanië) sy neus in die grond. Al die bemannings en passasiers, asook ten minste vyftigduisend mense in New York en honderde in Washington sterf.

Die president van die Verenigde State verklaar: Dit is oorlog. Binne 'n week is die hele Amerikaanse weermag paraat. Vliegdek- en ander skepe trek saam in die Indiese Oseaan. Pakistan se vliegvelde is oop vir Amerikaanse vliegtuie. Hoofverdagte is Osama Bin Laden, 'n Saoedi-Arabiese Moslem wat tot dusver gasvryheid in Afganistan geniet.

Die gevolge? *Ekonomies* daal die aandeelpryse op die beurs in Wall Street na sy heropening op 17 September. Burgerlugvaart in die Verenigde State ly enorme skade. Mense vrees meer

'ongelukke'. Die daling van die Dow Jones-indeks kring wêreldwyd uit. Die waarde van die rand daal tot 'n laagtepunt. *Polities* skaar talle lande hulle agter Amerika. Polarisasie tussen Oos en Wes is sigbaar. Die vlae van die 'westerse' ambassades in Pretoria hang halfmas, dié van die 'oosterse' ambassades wapper aan die toppe van die maste.

Kom, laat ons in ons gejaagde tyd stilstaan. Ons kan die gevolge van hierdie vreeslike gebeurtenisse vandag onmoontlik peil. Ons kan wel enkele aspekte daarvan uitlig. Tot oefening in die geloof en tot verheerliking van onse hemelse Vader.

Aspek een: Talle mense wat in die môre van die 11de September hulle huise verlaat, keer nooit weer terug nie. Gesinne, families, vriendekringe, die Amerikaanse nasie en al die buitelanders wie se familie of vriende in die rampe omgekom het, is eensklaps in diepe rou gedompel.

Kom, ons staan stil, en bid vir hulle. Mag die Here aan sy kinders die krag van sy Gees gee om die verskriklike verlies van hulle naasbestaandes en bekendes in geloof te kan verwerk. En mag Hy die ongelowiges wat ewe swaar getref is – indien dit in sy raad kan bestaan – deur rampe heen na Hom toe trek.

Aspek twee: Drie van die vier vliegtuie is deur Arabiere gekaap. Terreur. Die kapers, onder wie geoeefende en goed opgeleide vlieëniers, het hulleself, die bemannings en passasiers, asook talle ander in die Handelsentrum en Pentagon vermoor. Erger as die Japanse kamikaze-aanval op Pearl Harbour in 1941. Sestig jaar later, in 2001, was dit 'n kombinasie van kamikaze (vlieëniers wat selfmoord pleeg deur hulle vliegtuig in 'n vyandelike doel vas te vlieg) en moord (van bemannings, passasiers en onskuldige burgers). Die ergste is: Hierdie aanvalle is deur Moslem-ekstremiste onderneem en uitgevoer. Godsdienstige fanatisme het mense tot sorgvuldig beplande selfmoord en talle moorde gedryf.

Godsdienstige fanatisme steek telkens in die geskiedenis kop uit. Ek noem slegs die steniging van Stefanus (een van die eerste sewe diakens in Jerusalem), die djihad (die heilige oorlog) wat Moslems gevoer het om hulle religie uit te brei, die kruistogte van christene onder die leuse 'God wil dit' en die marteling en verbranding van talle protestante deur die Roomse inkwisisie.

Laat ons stilstaan. Mag godsdiens met geweld

1 Joh 4:6

"Hieruit ken ons die Gees van die waarheid en die gees van die dwaling"

INHOUD

- 1 **Redaksioneel**
Laat ons stilstaan
- 2 **Skrifoorndeking**
Babel 3, oorwin
Ds DJ Malan
- 4 **Op die kerkerf**
'n Bybelstudiesentrum op Daniëlskuil?
Dr AH Bogaards
- 4 **Opvoeding en onderwys**
Onderrig volgens doopbelofte
Dr JG Meijer
- 8 **Gereformeerde onderrig - vergestaltung in die praktyk**
P le Roux Bisschoff
- 9 **Regte**
Die leerstuk van menseregte
M Coertze
- 11 **Persskou**
 - Amerikaanse bloedbad
 - Wie is die vyand?Ds CJ Meijer

Jaarvergadering op Saterdag 13 Oktober 2001

Jaarvergadering van die Vereniging vir
Gereformeerde Lewenswandel

Onderwerp:

Ons Teologiese Skool – gister, vandag, môre.

Sprekers:

**Ds ALA Buys, dr JG Meijer,
ds HLJ Momberg en ds SD Snyman.**

Plek: Gereformeerde Kerk Oos-Moot,
31ste Laan 716, Villieria, Pretoria.
Tyd: 09:00 – 13:00.

*Dit is 'n oop vergadering.
Almal is hartlik welkom.*

VERENIGING VIR GEREFORMEERDE LEWENSWANDEL

Voorsitter:

Dr AH van den Bout
Tel (012) 332-2988
E-pos: vdenbout@mweb.co.za

Redaksie:

Ds ALA Buys
A Juyn
Ds GJ Meijer
Dr JG Meijer
Ds SJMS Smit

Eindredaksie:

Dr JG Meijer
Posbus 31712
Totiusdal
0134
Tel (012) 329-1465
E-pos:
jgmeijer@cybertrade.co.za

Medewerkers:

Dr AH Bogaards
Dr JM Boon
Prof JC Coetzee
Prof GJC Jordaan
Dr AH van den Bout

Administrasie-adres:

Waarheid en Dwaling
Posbus 31712
Totiusdal
0134
Tel (012) 335-9134
(Mev Hanneke Das)

Bankrekeningnr:

Spaarrekening 9054701904
ABSA
Pretoria Waverley Plaza

Intekengeld:

R 80 per jaar

Taalkundige versorging:

Mev Rita Botha

Tegniese versorging:

Printburo
Posbus 25316
Gezina
0031
E-pos: printbur@mweb.co.za

afgedwing word? Die Here sê: 'Nie deur krag of deur geweld nie, maar deur my Gees' (Sagaria 4:6). Hy verbied enige fanatieke godsdienstige ywer. Sonde moet in die kerk weerstaan word, nie gewelddadig nie, maar deur die liefdediens van kerklike vermaning en tug.

Wat van hulle wat met voorbedagte rade moord pleeg? Onse God sê: 'Hy wat die bloed van 'n mens vergiet, sy bloed sal deur die mens vergiet word' (Genesis 9:6). Kom ons bid vir die owerhede wat saamspan om terreur uit te wis. Mag die Here gee dat daar nie meer onskuldige bloed vloei as wat reeds gevloei het nie en dat diegene wat die moord-aanvalle in Amerika en in ander lande beplan en laat uitvoer het (ook onder meer in Zimbabwe en Suid-Afrika), opgespoor mag word en na 'n regverdige vonnis die doodstraf mag ontvang.

Aspek drie: Mense vra: Waarom laat die Here hierdie vreeslike aanvalle geskied? Waarom moet die kerk altyd teen dwalings stry? Waarom kry gelowiges ernstige teenspoed? Of nog erger: Is Hy wel in beheer? Die Here gee op hierdie 'waarom-vrae' geen antwoord nie. Hy laat Hom nie deur enige mens tot verantwoording roep nie.

Kom laat ons stilstaan. Ook ons jongmense. Talle Amerikaners gaan op 11 September werk

toe. Hulle keer nie weer terug huis toe nie. Hulle staan plotseling voor die regterstoel van die Here. Vandag kan ook my en u laaste dag op aarde wees. Moet ons bereid wees om te sterwe? Nee, wees bereid om te lewe in diens aan God. Die Heilige Gees sê: 'Vandag as julle sy stem hoor, verhard julle harte nie' (Hebreërs 3:7-8). Stel belydenis van skuld, vergewing van sonde, herstel van gebroke verhoudings, breek met allerlei kwaad, nie tot môre uit nie. Môre kan die ewigheid te laat wees.

Ten slotte: Die Here is en bly in beheer. Christus is aan kom. Ons hoor, ook in rampe, sy voetstappe. Hy kom. Die boek Openbaring vermeld dit uitvoerig. God vervul in voor- en teenspoed, in internasionale rampe, in kerklike stryd en moeite, in dorings in ons persoonlike vlees, sy belofte: Vir hulle wat Hom liefhet, werk alles, ja alles, ten goede mee, vir hulle wat na sy voorneme geroep is (Romeine 8:28). Laat ons stilstaan en sy belofte gelowig aanvaar. Dan ontvang ons die rus van die geloof in 'n wêreld wat woel en gis. En dan behou ons die uitsig op die nuwe aarde waar God al die tranes van ons oë sal afvee, waar daar geen dood meer sal wees nie, waar daar ook nie meer droefheid en geweue moeite meer sal wees nie, 'want die eerste dinge het verbygegaan' (Openbaring 21:4).

SKRIFOORDENKING

BABEL 3, OORWIN

Ds DJ Malan, emeritus-predikant van Lindley

Openbaring 17:5-6, 18; 18:2, 7b-8, 21

... en op haar voorhoof was 'n naam geskrywe: **Verborgenheid, die groot Babilon, die moeder van die hoere en van die gruwels van die aarde.** En ek het die vrou gesien, dronk van die bloed van die heiliges en van die bloed van die getuies van Jesus, en ek het my uitermate verwonder toe ek haar sien... En die vrou wat jy gesien het, is die groot stad wat heerskappy voer oor die konings van die aarde... En hy het met 'n groot stem kragtig uitgeroep en gesê: **Geval, geval het die groot Babilon, en dit het geword 'n woonplek van duiwels en 'n versamelplek van allerhande onreine geeste en 'n versamelplek van allerhande onreine en haatlike voëls...** Omdat sy in haar hart sê: **Ek sit as koningin en is geen weduwee nie, en droefheid sal ek nooit sien nie - daarom sal haar plaag op een dag kom: dood en droefheid en honger; en met vuur sal sy verbrand word, want sterk is die Here God wat haar oordeel...** En een sterk engel het 'n klip opgetel soos 'n groot meulsteen en dit in die see gegooi en gesê: **So, met 'n vaart, sal Babilon, die groot stad, neergegooi word en nooit meer gevind word nie.**

Ons lees van drie Babels in die Woord van God. Die eerste tref ons in Genesis 11 aan (behandel in ons eerste oordenking), die tweede is die hoofstad van die Babiloniese ryk, (behandel in ons tweede oordenking). Dit word onder ander vir ons beskryf deur die profeet Daniël. Die derde is die hoofsetel van die antichris. Daarvan lees ons in Openbaring.

Daar is 'n noue samehang tussen hierdie drie Babels, en ons tref ook duidelike ooreenstemmende kenmerke by elkeen aan:

- By al drie is Satan self die outeur van die plan.
- By al drie laat God Satan toe om binne perke sy plan tot uitvoer te bring.

- By al drie word die hele menslike geslag, al die volke, saamgesnoer tot een magsblok.
- By al drie rig Satan en sy volgelinge op meesterlike wyse 'n aanval teen God en sy kinders.
- By al drie triomfeer God deur Satan te ontmasker en sy plan te laat misluk.
- By al drie staan Christus as oorwinnende Koning in die sentrum.

Een wêreld-koninkryk met die antichris as koning

Na die groot wêreld-koninkryk van Nebukadnesar met Babel as hoofsetel, het die koninkryke van die Mediërs en Perse, die Grieke en die Romeine

gevolg. Onder die Romeinse bewind is Christus gebore. Openbaring 12 beskryf Satan, die vuurrooi draak, se aggressiewe reaksie teen die Ou Testamentiese kerk, die vrou, uit wie Christus gebore is, en sy poging om Christus as kind dood te maak: Herodes se kindermoord. Toe hy nie slaag nie, het hy na die hemelvaart van Christus woedend sy laaste plan om tog sy wêreld-koninkryk tot stand te bring, in werking begin stel, soos beskryf in Openbaring 12:17: *En die draak was vertoorn op die vrou, en hy het weggegaan om oorlog te voer teen haar ander nakomelinge wat die geboorte van God bewaar en die getuie van Jesus Christus hou.*

Groot was sy verrassing toe hy agterkom dat hy nie meer in staat was om die hele wêreld as een mag saamgesner te kry teen die koninkryk van God nie, omdat God hom spesifiek hierdie vermoë ontnem het, soos beskryf in Openbaring 20:1-3: *En ek het 'n engel uit die hemel sien neerdaal, met die sleutel van die afgrond en 'n groot ketting in sy hand. En hy het die draak gegryp - die ou slang wat die duiwel en die Satan is - en hy het hom gebind duisend jaar lank, en hom in die afgrond gewerp en hom toegesluit en dit bo hom verseël, sodat hy die nasies nie meer sou verlei totdat die duisend jaar voleindig is nie. Daarna moet hy dan 'n kort tydjie ontbind word.*

Dit het Satan nog meer woedend gemaak, sodat hy soos 'n brullende leeu begin rondgaan het om te kyk wie hy kon verslind. Hy spits hom spesifiek toe op die 'ander nakomelinge van die vrou', naamlik die Nuwe Testamentiese kerk. Die afgelope 2000 jaar se wêreld- en kerkgeskiedenis bevestig beide sy onvermoë om die wêreld weer tot een groot wêreldryk verenig te kry, asook sy volhardende slinkse planne om die hele ware kerk tot valse kerk verlei te kry, en so die tafel te dek vir die dag wanneer God hom '... vir 'n kort tydjie sal ontbind...' om tog sy laaste Babelse wêreldryk tot stand te kan bring.

Die vrou van Openbaring 12 word hoer van Openbaring 17

Met groot vernuf slaag Satan daarin om stadig maar seker die kerk tot valse kerk te verlei. Haar naam sou nou nie meer 'Bruid van Christus' wees nie, maar '*Verborgenhed, die groot Babilon, die moeder van die hoere en van die gruwels van die aarde*' (Openbaring 17:5). In die proses gebruik hy twee wêreldse handlangers, sodat hy vir God drie-enig byna volmaak na-aap. Hyself speel die rol van God die Vader. Die dier uit die aarde, (die valse profeet), soos beskryf in Openbaring 13:11 en verder, speel die rol van die Heilige Gees. Die dier uit die see, die antichris, soos beskryf in Openbaring 13:1 en verder, speel die rol van Christus.

Dit is tragies om te sien hoe hy reeds sukses behaal het met hierdie toneelstuk, met die titel 'Die Nuwe Wêreldorde'. Sy oorhoofse strategie was om beheer oor die geldmag van die wêreld te kry. Op die manier het hy 'n houvast oor 'die konings van die aarde' gekry (Openbaring 18:9 en verder), en sodoende oor die wêreldpolitiek, asook oor 'die handelaars (sakemanne) van die aarde' (Openbaring 18:11 en verder), en so oor die wêreld-bankwese, asook oor 'al die stuurmanne (skeepskapteins) van die aarde' (Openbaring 18:17 en verder), en ook oor die wêreld ekonomie.

Hoe tragies om te sien dat hy dit al reggekry het om ons almal 'n rat voor die oë te draai. Die ware kerk se knieë is al verlam deur die mense se hunkering na stoflike weelde en genot. Die bruid van Christus vertoon meer en meer die kenmerke van 'n hoer. Alles draai om geld en uiterlike gemak. Van ware selfverloënde diens aan God is min nog in die kerke van vandag te sien. Geslaagde eredienste en kerkwees word byvoorbeeld deesdae gemeet aan die maatstaf of dit vir die

jeug aantreklik is. In hoe 'n mate vertoon ons nie reeds die kenmerke van die wêreldstad Babilon, soos beskryf in Openbaring 18 nie? Hoeveel keer hoor ons nie onself sê: 'Ek sit as koningin en is geen weduwee nie, en droefheid sal ek nooit sien nie...' (Openbaring 17:7)!

Satan word ontbind en mag vir oulaas koning oor Babilon wees (Babel 3)

Die tragiese gebeure van Openbaring 20:7-8 lê vir ons voor die deur: *En wanneer die duisend jaar voleindig is, sal die Satan uit sy gevangenis ontbind word; en hy sal uitgaan om die nasies te verlei wat in die vier hoeke van die aarde is, die Gog en die Magog, om hulle te versamel vir die oorlog; en hulle getal is soos die sand van die see.*

Vir oulaas sal God vir Satan toelaat om in sy magswellus te triomfeer. Genadiglik net vir 'n baie kort tydjie. Maar wat 'n swaar tyd sal dit nie wees nie! Die ware kerk van daardie tyd word vir ons beskryf in Openbaring 11. Slegs twee getuies sal oorbly om nog te getuig, maar hulle sal dit, met rouklere aan, doen. En dan lees ons: *En wanneer hulle hul getuie voleindig het, sal die dier wat uit die afgrond opkom, teen hulle oorlog voer en hulle oorwin en hulle doodmaak; en hulle lyke sal lê op die straat van die groot stad wat geestelik genoem word Sodom en Egipte, waar ook onse Here gekruisig is ... Die bewoners van die aarde sal bly en verheug wees oor hulle en sal vir mekaar geskenke stuur ...* (verse 7-10).

God gryp finaal in: Hy oordeel en red

Met onbeskryflike blydschap sal die volhardende kerk van Christus, saam met die engel uit die hemel, dan uitroep: 'Geval, geval het die groot Babilon...!'

Die eindoordeel is iets waarna ons almal behoort uit te sien. Ons behoort so siek en sat te wees vir die 'Babilon-Satan-stad' waarin ons nou reeds leef, dat ons nie enige aardse goed of strewes buite die diens aan God sal begeer nie.

Ons behoort elke dag reeds met ons geestesoe die Nuwe Jerusalem, wat God vir ons in die hemel gereedgemaak het, dop te hou, en na die dag uit te sien wat God dit vanuit die hemel na die aarde sal laat neerdaal.

Ons behoort nou reeds te oefen aan die oorwinningslied van Openbaring 19, wat die groot menigte gestorwe gelowiges daardie dag sal sing, sodat ons uit volle bors kan saamsing: '*Prys die Here! Die oorwinning, die heerlijkheid en die mag behoort aan ons God! Regverdig en reg is sy oordele, want Hy het die oordeel voltrek oor die sedelose vrou wat die aarde deur haar onsedelikheid verwoes het. Hy het die dood van sy dienaars op haar gewreek.*' Verder het hulle uitgeroep: '*Prys die Here! Haar rook styg tot in alle ewigheid op*' (verse 1b-3, NV).

Ja, ons mag nie moedeloos word nie want Christus sit aan die regterhand van God, nie net as Regter nie, maar ook as ons Verlosser. Sy Woord van troos en bemoediging weerklink daagliks oor en oor in ons ore: '*En kyk, Ek kom gou, en my loon is by My, om elkeen te vergeld soos sy werk sal wees. Ek is die Alfa en die Oméga, die begin en die einde, die eerste en die laaste. Salig is die wat sy geboorte doen, sodat hulle reg kan hê op die boom van die lewe en ingaan deur die poorte in die stad*' (Openbaring 22:12-14).

Kom ons antwoord nou reeds, dag vir dag: 'Amen! Kom, Here Jesus!'

'N BYBELSTUDIESENTRUM OP DANIËLSKUIL?

Dr AH Bogaards, Daniëlskuil

'n Plan om Daniëlskuil-Delportshoop se finansiële probleme op te los

In die Noordkaap, ver van die drukte van die stad, is daar twee klein gemeentes, Daniëlskuil en Delportshoop wat, soos vele ander gemeentes op die platteland, tans finansiële 'n stryd om oorlewing voer.

Dit het by my die gedagte laat ontstaan: Waarom begin die dominee van Daniëlskuil-Delportshoop nie met 'n Bybelstudiesentrum nie? Vir hierdie projek staan Daniëlskuil-Delportshoop dan sy dominee byvoorbeeld twee dae in 'n week af.

Doel van die sentrum

Die doel van hierdie sentrum sal wees om Bybelstudiehandleidings, verklarings van die belydenis en ander gereformeerde stof in die kerkverband te versamel en beskikbaar te stel en om self sulke handleidings te skryf vir die kerkverband.

Werkwyse van die sentrum

Hierdie studiestukke en handleidings kan op die volgende maniere versprei word: via Internet (op my tuisblad), deur middel van e-pos, op CD's en ook in gedrukte vorm.

Behoeftes aan en aktualiteit van so 'n sentrum

Dat daar 'n groot behoefte aan so 'n sentrum is, lei vir my geen twyfel nie.

Daar is 'n groot tekort aan (beskikbare) Bybelstudiehandleidings, verklarings van die belydenisskrifte, preke vir leesdienste en ander aktuele stof in die kerkverband. Waar daar wel handleidings is, is dit dikwels die dominee self wat dit uitgee en net in sy eie gemeente.

Dit is voorts absoluut noodsaaklik dat die GKSA meer aktief op die Internet sal raak. Die Internet en die rekenaar gaan al hoe belangriker raak in mense se lewens en die kerk moet ook hierdie middele aanwend om die koninkryk van God te verkondig.

Ons sal meer moet doen om ons lidmate toe te rus en om die suiwer gereformeerde leer uit te dra.

Waarom kan daar wel 'n Bybelkor, maar nie 'n Doppekor wees nie?

Hoe dit die nood van bogenoemde gemeentes kan oplos

Die bedoeling van die sentrum is nie dat dit self genoegsame fondse moet genereer om Daniëlskuil en Delportshoop se probleme op te los nie. Daarvoor is die nood te groot en die fondse wat so 'n projek kan oplewer, waarskynlik te min.

Die bedoeling is eerder die volgende: dat Daniëlskuil en Delportshoop aan die kerkverband skryf en gemeentes en individuele lidmate vra om op 'n vaste basis geldelik by te dra vir so 'n projek. Die sentrum sal dus gedra moet word deur gemeentes en lidmate van die GKSA.

Voordele vir die gemeentes én kerkverband

Dit gaan vir my in hierdie plan nie net daaroor om Daniëlskuil-Delportshoop se finansiële probleme op te los nie, alhoewel dit vir my vanselfsprekend van die grootste belang is. Ek het ook die kerkverband in die geheel op die oog. Daniëlskuil-Delportshoop en sy predikant kan diensbaar wees aan die kerk landwyd.

Meer as net 'n Bybelstudiesentrum?

Miskien kan 'n mens dit oorweeg om so 'n sentrum 'n volle skool vir Bybelopleiding van lidmate, ouderlinge en diakens te maak. 'n Mens sou kursusse kon aanbied. Dit sal egter 'n groot projek wees – waarskynlik te groot vir een persoon om dit te kan hanteer.

U reaksie gevra

Dit wat ek hier neergeskryf het, is nog maar gedagtes. Dit is noodsaaklik dat ek moet weet wat ander in die kerkverband (predikante, lidmate, gemeentes) daarvan dink. Sal so iets lewensvatbaar wees? Sal daar genoeg steun daarvoor wees? Wat dink u?

Positiewe en negatiewe kommentaar sal verwelkom word.

Dit sal besonder waardeer word as u op hierdie artikel wil reageer by die volgende adresse:

E-pos: ahbogaards@spg.co.za

Posadres: Posbus 90, Daniëlskuil, 8405.

OPVOEDING EN ONDERWYS

Onderrig volgens doopbelofte

Dr JG Meijer, Pretoria

'Belowe u en neem u u voor om hierdie kinders, van wie u die vader en moeder is, wanneer hulle dit kan verstaan, in die genoemde leer na u vermoë te onderrig en te laat onderrig?' Alle gereformeerde ouers het hierdie vraag by die doop van elkeen van hulle kinders bevestigend beantwoord. Hulle jawoord is gegee in die vergadering van Gods volk, voor die aangesig van die Here en voor sy hele gemeente as getuies. Dié 'ja' is 'n gelofte.

Die derde vraag by die kinderdoop gaan oor die onderrig 'in die genoemde leer'. Die inhoud van die leer is volgens die tweede vraag 'die leer van die Ou en Nuwe Testament, wat in die artikels van die christelike geloof saamgevat is en in die christelike kerk hier geleer word'. Ouers belowe: Ons sal ons kinders na ons vermoë in die Skrif en die belydenis van die kerk, asook in die gepredikte Woord onderrig en deur ander

laat onderrig. Onderrig en laat onderrig – wat hou dit in?¹

1 In hierdie en twee volgende artikels van hierdie reeks word gebruik gemaak van 'n publikasie wat die resultaat van enkele jare se besinning oor die aard en omvang van gereformeerde onderwys deur die bestuur van die Dirk Postma-Skool weergee: JG Meijer. *Watter skool?* Pretoria: Printburo, 1994.

Onderrig

Hoe beskou en behandel ons ons kinders? Die doopformulier verklaar: God die Vader betuig en verseël in die doop dat Hy 'n ewige genadeverbond met ons oprig en ons tot sy kinders en erfgename aanneem. Ons kinders is sy kinders. Verder sê die eerste vraag by die kinderdoop: Hulle is in sonde ontvang en gebore. En: hulle is in Christus geheilig.

Onderrig van Koningskinders

Ons kinders is die maaksel van God se hande. Die Psalmdigter jubel: 'U het my niere gevorm, my in my moeder se skoot geweef'.² Die Skepper is hulle Maker en dus hulle Eienaar. Maaksel van God – dit het ons en ons kinders met alle geslagte buite die verbondsvolk in gemeen.

Behalwe dat hulle God se eiendom is, ontvang ons kinders 'n hoë posisie. Die Here rig sy verbond met hulle op en belowe om vir hulle 'n God te wees.³ Hy sê al die weldade van sy verbond aan hulle toe. Die Heilige Gees verkondig in Petrus se Pinksterpreek: 'Die belofte kom aan julle toe', aan julle, die volwassenes in die verbond, 'en aan julle kinders'.⁴

Ons kinders is God se kinders, in die Naam van die Vader gedoop. Gods volk dank en loof die Here na elke doopbediening dat Hy ons en ons kinders tot sy kinders 'aangeneem het en dit aan ons met die heilige doop beseël en bekragtig'.

Hulle kindschap van God beteken nie dat ons kinders vanselfsprekend die saligheid beërf nie. Wie God se verbond verbreek, word deur die verbondwraak getref. Kinders van God wat Hom verag en van Hom afvallig word en bly, het geen toekoms in sy kerk en koninkryk nie. Daar is kinders van die koninkryk wat in die buitenste duisternis uitgedryf word.⁵ Hulle kry swaarder strawwe as mense wat nooit tot die verbondsgemeenskap behoort het nie.⁶

Ons kinders is leengoed. Hulle is God se kinders. Hy beklee vaders en moeders met die oueramp. Hy stel hulle as gesagdraers oor sy kinders met die opdrag: 'Voed hulle op in die tug en vermaning van die Here'.⁷ Ons bid dat Hy ons mag sterk om dié taak gehoorsaam uit te voer. Ons vra dit persoonlik, in ons gesinne en ook as gemeente. By die huweliksbevestiging bid Gods volk dat onse Vader aan die pas getroudes die genade sal verleen om hulle kinders, as dit Hom behaag om hulle dié te gee, christelik op te voed tot eer van sy heilige Naam, tot opbou van sy gemeente en tot verbreiding van sy heilige evangelie. Na elke doopbediening volg hierdie voorbede: 'Ons bid U ook deur Hom, u geliefde Seun, dat U hierdie kind altyd met u Heilige Gees wil regeer, sodat hy (of sy) christelik en godvrugtig opgevoed mag word'.

Hierdie voorbedding word telkens weer gedoen omdat opvoeding van Koningskinders 'n uitermate belangrike en omvangryke taak is. Die nageslag moet eerstens die hemelse Vader en sy wil al hoe dieper leer ken. Psalm 78:3-7 gee 'n treffende illustrasie van hierdie deel van die opvoedingstaak. Ouers vertel van die Here, van sy dade in die heils- en kerkgeskiedenis. So leer die Here se kinders om Hom te bewonder en te prys vir sy skepping, onderhouding en regering van alle dinge, vir die verlossing wat Hy in Christus bewerkstellig, vir die vernuwende werking van sy Gees, vir die vergadering en beskerming van sy kerk deur die eeue heen.

Die kinders ontvang in die gesin verder onderrig oor die wil van die Here, oor sy wet as rigsgaander vir die lewe. Koningskinders leer dat hulle doen en late met hulle adelstand moet ooreenstem.

Die Here neem nie genoeë met slegs oppervlakkige kennisname van sy dade en geboorte nie. Hy gebied die ouers: 'Jy moet dit jou kinders inskerp'.⁸ *Inskerp* beteken: Graveer sodat die dade en die wet van God onuitwisbaar in die harte van die kinders geskryf staan. Gelowige vaders en moeders gaan hulle kinders anders voor as in die moderne hotel-gesin waar jongmense

eet, huiswerk doen, televisie kyk en slaap sonder dat enigiemand weet wat die hart en lewe van die ander beroer. Ouers wat die doopbelofte nakom, onderrig hulle kinders volgens die grondreël: 'Ek en my huis, ons sal die HERE se werke en sy wil ken en Hom daarvolgens 'dien'.⁹

Onderrig van sondige kinders

Met die kindschap van God is nie alles oor ons kinders gesê nie. In hul antwoord op die eerste vraag bely die doopouers wat hulle reeds in die begin van die formulier gehoor het: Ons kinders 'is in sonde ontvang en gebore en daarom aan allerhande ellende, ja, aan die verdoemenis self, onderworpe'. Ons kinders, God se kinders, word van kindsbeen af met die gebrokenheid van die lewe gekonfronteer. Wat koning Dawid na sy ernstige val in sonde bely, is die verskriklike werklikheid vir elke verbondskind: 'In ongeregtigheid is ek gebore en in sonde het my moeder my ontvang'.¹⁰ Ons en ons kinders, tot kinders van God aangeneem, is en bly in hierdie lewe uit onself tot alle kwaad geneig.¹¹

Ons kinders moet van jongs af aan in die gesin leer om hulle kwaad as sonde voor God se aangesig uit te ken en te bely. Hy vergewe nie om ons opregte belydenis van skuld nie. Hy gee ook nie vergewing sonder belydenis van ons skuld nie. Die Here vergewe om Christus wil, na ons gebed (wat Hy in ons werk): 'Ek het gesê: Ek wil aan die HERE my oortredinge bely; en U het die ongeregtigheid van my sonde vergewe'.¹²

Gelowige ouers leer hulle kinders – met woorde en in hul voorbeeldige lewe – om die kwaad wat hulle gedoen het, te haat, ootmoedig voor God te bely, te dank vir skuldvergifenis en in die krag van die Heilige Gees die sonde te bestry. Alles wat God bedroef en vertoorn, is kontrabande in die adelstand waartoe Hy ons verhef het. Kinders leer deur woorde en dade van hulle vader en moeder die afsterwing van die ou en die opstanding van die nuwe mens: lewenslange belydenis van en bestryding van die sonde.

Onderrig van geheiligde kinders

Die eerste vraag aan die doopouers sê: Ons kinders wat in sonde ontvang en gebore is, is in Christus geheilig. Dit beteken: God isoleer sy kinders. Hy sonder hulle af vir sy diens. Hulle lewe wel in die wêreld, maar hulle is nie van die sondige wêreld nie. Die Here skei nie slegs sy eie herskeppende werk van die sonde in die lewe van sy volk nie.¹³ Hy trek die skeidslyn verder tussen gelowiges en ongelowiges. Hy stel vyandskap tussen die saad van die slang en die saad van die vrou. Hy skei dié twee sedert die sondeval¹⁴ dwarsdeur die eeue en in alle lande.

Die kinders van die gelowiges is in Christus geheilig, ook die kroos van ouers wat op sendingvelde tot bekering kom.¹⁵ God self sonder hulle van die ander kinders af en stel hulle apart vir diens aan Hom.

Die kerk beaam God se heiliging van ons kinders in die belydenis: Hulle is 'in die christelike kerk ingelyf en van die

2 Ps 139:13.

3 Gen 17:7.

4 Hand 2:39.

5 Matt 8:12.

6 Matt 11:20-24.

7 Ef 6:4.

8 Deut 6:7; vgl. 4:9.

9 Jos 24:15.

10 Ps 51:7; Job 14:4.

11 HK, vraag 8.

12 Ps 32:5.

13 Heb 4:12.

14 Gen 3:15.

15 1 Kor 7:14.

kinders van die ongelowiges onderskei'.¹⁶ Die kleintjies is 'in die kerk van God opgeneem en van alle ongelowiges en vreemde godsdienste afgesonder om heeltemal sy eiendom te wees en sy merkteken en vaandel te dra'.¹⁷

Ouers wat hulle doopbelofte nakom, maak hulle nakroos weerbaar. Waar onse God vyandskap stel, weerhou hulle die kinders van oorloop na die sataniese front. Kinders leer om keuses te maak ooreenkomstig die Bybelwoord: 'Moenie in dieselfde juk trek saam met ongelowiges nie, want watter deelgenootskap het die geregtigheid met die ongeregtigheid, en watter gemeenskap het die lig met die duisternis?'¹⁸ Ons jaag ons kinders nie in 'n eiewillige isolement nie, maar voed hulle op om die skeidslyne wat die Here trek, sorgvuldig te eerbiedig. 'Heilig moet julle wees, want Ek, die HERE julle God, is heilig'.¹⁹ Ouers leer hulle kinders: Wees heilig in die keuse van vriende en vriendinne, in die voorbereiding vir die huwelik as intiemste gemeenskap van heiliges, in die keuse van lektuur, musiek, tv-programme, kortom: in al jou in- en ontspanning. Eerbiedig die antitese.

Onderrig op pad na volwassenheid

Die lammers van Christus se kudde is die eenvoudiges,²⁰ die onervarenes. Die Here gee ouers aan hulle om hulle op die pad na volwassenheid te lei. 'Oefen die seun volgens die eis van sy weg; dan sal hy, ook as hy oud word, daar nie van afwyk nie'.²¹

Met hierdie bevel en belofte waarborg onse God nie dat nie een van sy kinders afvallig sal word nie. Hy stel wel as reël: Die onervare seun word steeds wyser op die pad van sy gelowige vader-voorganger. En: 'soos die moeder, so haar dogter'.²² Seuns en dogters volg hulle ouers wat hul plek in die beheer van die skepping²³ en in die uitvoering van die kultuuroopdrag²⁴ volstaan. Ons sien die werk van die Heilige Gees in waarlik christelike gesinne. Hy span die ouers in om onervare kinders deur opvoeding en onderrig wys te maak.

Die vrug van hierdie onderrig in gesinne? Seuns wat soos plante 'opgekweek is in hulle jeug' en 'ons dogters soos hoekpilare wat uitgebeitel is na die boustyl van 'n paleis'.²⁵ Na baie onderrig word hulle volwasse kinders van God. Hulle bely hulle geloof in die midde van die gemeente. Die diens aan God gaan voort, in ons jonger generasie.

Die doopbelofte om God se kinders in die gesin te onderrig is omvangryk. Gelowige ouers span hulle in om – ten spyte van hulle oorblywende sonde en swaakheid – die kinders insig te gee in

- die daade van God,
- sy wet,
- hulle sondige aard,
- die verlossing in Christus,
- die bevrydende gebed,
- hulle afsondering van die sondige wêreld,
- hulle toegewydheid aan die Here,
- hulle taak om God se skepping vir hulle deel te beheer,
- die woeker met hulle talente in die uitvoering van die kultuuroopdrag, en
- hulle roeping om tot volwassenheid in geloof en skriftuurlike wysheid uit te groei.

Kortweg: Kinders wat volgens die doopbelofte in woord en daad onderrig word, leer om deur die vernuwende werking van die Heilige Gees in God se verbond te lewe en steeds meer met eie gawes en talente beeld van God te wees in hulle

- omgang met die Here,
- omgang met die naaste,
- beheer van die skepping en
- ontwikkeling van die kultuur.

Laat onderrig

Die belofte van die ouers om die kinders self te onderrig gaan hand aan hand met hulle belofte om die kinders in die leer van die Skrif en die belydenis te laat onderrig. Wat hou hierdie belofte in? Watter verantwoordelikheid aanvaar gereformeerde vaders en moeders vir die onderwys van hulle kinders buite hulle gesinne?

Onderrig in die driehoek

Ekke gelede het ons vadere reeds ernstig oor die onderwys van gereformeerde kinders besin. Die bekende Sinode van Dordrecht in 1618 en 1619 het 'n hele sitting vir die behandeling van christelike onderrig aan die jongmense ingeruim.

Onderwys in die driehoek word in die Acta van die sewentiende sitting voorgeskryf. Die driehoek bestaan uit gesin, kerk en skool. Die Sinode neem besluite oor huis-, skool- en kerkkatkisasie. Die besluite oor huiskatkikasie gaan oor die onderrig wat die ouers self behoort te gee. Die Sinode roep hulle op om by allerlei geleenthede en in besonder by die huisgodsdiens hulle doopbelofte na te kom: 'Onderrig u kinders na vermoë in die genoemde leer'.

Die belofte om die kinders te laat onderrig, het betrekking op die twee ander kante in die driehoek: kerk en skool. Ouers wat katkisasie in die kerk laat gee, help die jeug by die voorbereiding van die lesse. Hulle maak seker dat die kinders die klasse getrou bywoon. So laat hulle hul kinders kerklik onderrig. Wat die skool betref, behoort die onderrig volgens die Sinode noukeurig met die onderwys in gesin en kerk ooreen te stem. Die Dordtse Sinode lê hierdie beginsel selfs in een van die artikels van die kerkorde vas.²⁶

Onderwys in die driehoek is nie 'n nuwigheid van gereformeerdes nie. Die eerste begin daarvan vind ons reeds in Israel onder die ou verbond. Benewens in die gesin word daar ook kerklike onderrig ontvang. Die Leviëte word opgedra om die verordeninge en die wet van die Here aan Gods volk te leer.²⁷ Verder was daar oppassers²⁸ en opvoeders²⁹ wat met opvoeding en onderrig belas is. Die boek Spreuke bring die leser in die wysheid-skool. Die onderwyser spreek die kinders aan as 'my seun' of 'seuns'. Sy onderwys is 'n verlengstuk van die onderrig wat die kinders tuis ontvang. Hy roep naamlik die seuns op om na die tug van hulle natuurlike vader te luister en die onderwysing van hulle moeder nie te verwerp nie.³⁰

Onderwys in die driehoek is onderrig in isolement. Daar is ouers wat ernstig vra: Is dit in ons land met sy staatskole reg? Mag gereformeerde ouers hulle aan die staatskool onttrek? Verdwyn hulle bederfwerende invloed nie saam met hulle nie? Is hulle nie verantwoordelik, ja skuldig, as die staatskool na hulle onttrekking op 'n afdraande pad beweeg nie? Is skoolonderrig in afsondering 'n geoorloofde isolement?

16 HK, antw. 74.

17 NGB, art.34.

18 2 Kor 6:14.

19 Lev 19:2.

20 Spr 1:4.

21 Spr 22:6.

22 Eseg 16:44.

23 Gen 2:15.

24 Gen 1:26-28.

25 Ps 144:12.

26 Artikel 21 van die Dordtse Kerkorde bepaal: 'De kerkeraden zullen alomme toezien, dat er goede schoolmeesters zijn, die niet alleen de kinderen leren lezen, schrijven, spraken en vrije kunsten, maar ook dezelve in de godzaligheid en in de katechismus onderwijzen'.

27 Deut 33:10; sien ook 2 Kron 17:7-9.

28 Num 11:12; Jes 49:23.

29 2 Kon 10:1, 5; Est 2:7.

30 Spr 1:8; vgl. onder meer 1:10; 2:1; 3:1-2 (met belofte van vyfde gebod vir skoliere), 11; 4:1, 10.

En wat van die kinders? Word hulle nie te beskerm in isolement grootgemaak nie? Is hulle nie weerloos as hulle eendag in die wêreld, vol van versoekinge, hulle werk verrig nie? Kweek onderwys in afsondering nie wêreldvreemde kinders nie? Is onderrig in isolement geoorloof?

Wat die eerste reeks vrae betref, moet ons onthou: Gelowige ouers stig nie skole om onder kinders van ongelowiges te evangeliseer nie. Hulle soek skole vir onderwys van kinders van God. Hulle adelstand vereis dat hulle die beste onderrig ontvang, onderrig wat hulle in staat stel om Hom met hulle hele hart en al hulle kragte lief te hê en te dien.

En wat die kinders betref - 'n veldheer wat rekrute na die slagveld stuur, jaag onkundige manskappe na hulle slagting. So 'n offisier dra die skuld vir hulle besliste ondergang.

Ons kinders is die rekrute in God se weermag. In die periode van afrigting moet hulle wat nog onervare is, soveel en so ver moontlik van die gevegslinies verwyder bly. Die onervarenes is nog glad nie by magte om afdoende verweer teen allerlei dwalings te bied nie. Jong kinders is boonop nog uiters vatbaar vir verkeerde groepinvloede.

Opvoeding in isolement maak ons kinders nie wêreldvreemd nie, mits hulle in en vir die stryd van die geloof geoefen word. Onderwysers wat roepingbewus in gesin, kerk en skool optree, lei soldate op in die gevegtaktiek van die vyand, leer hulle om die wapenrusting van God aan te trek, daarin tuis te voel en die wapentuig wat Hy voorsien, vaardig te hanteer.³¹

Gekroonde ouers

Onderrig in die driehoek van gesin, kerk en skool laat die vraag ontstaan: Wie dra watter verantwoordelikheid? Wat is die take van ouers, kerkrade en burgerlike owerhede met betrekking tot die onderwys?

Wat ons vaders en moeders betref, gee die Here nooit 'n opvoeding-vakansie nie. Hy beveel die ouers: Jy moet my dade en gebooe 'jou kinders inskerp en daaroor spreek as jy in jou huis sit en as jy op pad is en as jy gaan lê en as jy opstaan'.³² Onderrig en opvoeding in die vrees van die Here is 'n opdrag wat ouers ononderbroke en oral moet behartig.

Maar wat van die tyd wat die kind in die skool (inklusief die wysheid-skool onder die ou bedeling) deurbring? Dit is tog die langste deel van die werkweek? Ook dan bly die ouers verantwoordelik vir die hulle kinders se opvoeding en onderrig. So verordineer die Here.

Die skoolgaande kind bly die seun of dogter van dié ouerpaar aan wie die Here sy kind toevertrou het. Vaders en moeders is verantwoordelik vir die totale opvoeding van hulle kinders. Dit sluit opvoeding en onderrig in kerk en skool in.

Ons ouers dra 'n kroon wat God op hulle hoofde plaas. Hy self wil deur hulle oor sy kinders regeer.³³ Vaders en moeders wat die doopbelofte nakom, laat hulle in die skool onderrig. Hulle onderneem aksie vir skoolonderwys. Hulle verkies 'n bestuur vir die administrasie en daaglikse bestuur van die skool. Vaders en moeders bepaal wie hulle kinders sal onderrig: gelowiges wat dieselfde geloof as hulle bely en uitdra. Die ouers stel ook die skriftuurlike vereistes vas, waaraan die onderwys in die skool moet voldoen, asook die tug wat uitgeoefen en die taal waarin die onderwys aangebied behoort te word – indien enigsins moontlik, in hulle moedertaal.

Gelowige ouers doen alles in hulle vermoë om die kinders ooreenkomstig hulle doopbelofte in die skool te laat onderrig. Op grond van hulle omvattende verantwoordelikheid vir die opvoeding en onderrig van hulle kinders doen gelowige vaders en moeders geen afstand van hulle eie regeer-bevoegdheid nie. Hulle dra hulle kroon aan geen ander instansie oor nie: nie aan die kerk (die kerkskool) nie, nie aan die owerheid

(staatskool) nie. Ons kinders is lidmate, broeders en susters in die gemeente, saam met die volwassenes kinders van die kerk. Ons kinders is burgers van die land, nie kinders van die staat nie. Ons kinders – God se kinders – is en bly ons kinders, kinders van die ouers, ook in die skool. So beskik die Here dit. Daarom strew gereformeerde ouers na die stigting en instandhouding van gereformeerde ouerskole, na skoolonderwys volgens hulle doopbelofte.

Die Bybel in die skool

'n Gereformeerde ouerskool verskil hemelsbreed van die staatskool. Dit is nie 'n skool wat slegs daaglik met Skriflesing en gebed geopen en afgesluit word nie. Nee, die norme van die Woord beheers die hele skoolbedryf. Die omgang met natuur- en kultuurprodukte word skriftuurlik bepaal en onderrig. Die liefdegebod en die vyfde gebod is bepalend vir die kommunikasie tussen bestuur en onderwysers, tussen onderwysers onderling en met hulle leerlinge, tussen die leerlinge, asook tussen bestuur en onderwysers en ouers.

Die inhoud van die onderwys? Skriftuurlike didaktiek behels die voortdurende besinning oor die vereistes vir vakonderrig in die skool. Dié besinning geskied in die lig van 'n gelykenis wat die Here Jesus aan ons voorhou. Hy vergelyk die koninkryk van die hemele met suurdeeg 'wat 'n vrou neem en in drie mate meel inwerk totdat dit heeltemal ingesuur is'.³⁴

Dit is nie nodig om hier verskillende en selfs uiteenlopende verklarings van hierdie gelykenis te bespreek en te beoordeel nie. Die punt van vergelyking is duidelik. 'n Bietjie gis laat 'n groot hoeveelheid deeg rys. Die suurdeeg werk in elke deeltjie van die meel in.

Hierdie gelykenis bring een van die aspekte van God se koninkryk na vore. Soos gis die deeg, deursuur die koninklike heerskappy van die Here ons hele lewe. Dit beteken in skoolterme: Onderwysers wat die skoliere vir God se ryksdiens opvoed, gee vakonderrig in onderwerping aan sy rykswet, sy Woord. Watter voorbidding van alle ouers en watter omvattende voorbereiding dit van die onderwysers vra, is 'n kwessie wat ver buite die opset van hierdie artikel val. Wie meer hieroor wil lees, kan kennis neem van die norme en riglyne hieroor in die publikasie wat in voetnoot 1 vermeld is.

Kortliks saamgevat is die Skrif normatief vir alles wat in en rondom die gereformeerde ouerskool onderneem en uitgevoer word.

Het kerkrade en burgerlike owerhede in die onderwys-driehoek na die bostaande nog enige sê? Sekerlik wel. Hulle take kom DV in volgende artikels ter sprake. Hierdie take neem nie weg dat ouers die primêre verantwoordelikheid vir opvoeding en onderrig van hulle kinders dra nie. Vaders en moeders onderrig en laat onderrig. Alle onderwys-aksie begin by hulle.

Ons ouers het 'n belofte gedoen by die doop van al hulle kinders. 'n Belofte voor die aangesig van die Here en in die midde van sy gemeente (die getuies). Dié belofte is 'n gelofte, het die krag van 'n eed. Die Skrif sê: 'As jy 'n gelofte aan God gedoen het, stel nie uit om dit te betaal nie, want daar is geen welgevalle in dwase nie. Betaal wat jy belowe'.³⁵

31 Ef 6:11-20. Die vraag hoe die skooljeug weerbaar gemaak behoort te word, ontvang in die publikasie, vermeld in voetnoot 1, die nodige aandag.

32 Deut 6:7.

33 HK, antw. 104.

34 Matt 13:33.

35 Pred 5:3; vgl. Matt 5:37.

Gereformeerde onderrig – vergestaltung in die praktyk

P le Roux Bisschoff, Skoolhoof van Gereformeerde Skool Dirk Postma, Pretoria

Die begroting vir gereformeerde onderrig is in die Skrif gesetel. Hierdie bybelse beginsels moet as vertrekpunt vir die daarstelling van gereformeerde ouerskole dien. Die vertrekpunt is nie die eindpunt nie. Daarom is dit nodig om te gaan kyk hoe hierdie beginsels in die praktyk uitkristalliseer.

Enige skool het 'n bepaalde karakter wat eie aan so 'n skool is en wat 'n direkte invloed uitoefen op dit wat in die betrokke skool gebeur. Anders as in die meeste ander skole waar 'die belang van die skool' die bepalende faktor in die skool is, is die gereformeerde belydenis die samebindende punt waarop 'n ouerskool berus. Die feit dat ons hier te doen het met gelowiges wat saam meewerk om hulle kinders tot eer van die Here op te voed, het vanselfsprekend tot gevolg dat dit in die praktyk anders sal vergestalt as in skole waar dit nie die geval is nie.

In gereformeerde ouerskole kan daar dus werklik sprake wees van 'n unieke onderrigssituasie. Die bestanddele is as 't ware reg om 'n besondere koek te bak. Hieronder val onder meer die volgende:

Ouer-onderwyser-interaksie

Die onderwyser sien homself as getuie by die doopvont en besef derhalwe dat hy saam met die ouers 'n goddelike opdrag het om die kind in die verbond op te voed. Skakeling tussen ouers en personeel gaan dus in 'n ouerskool veel verder as bloot net 'n formele oueraand of 'n toevallige geselsie by 'n sportbyeenkoms. Nee, ouers aanvaar aktief verantwoordelikheid vir die opvoeding van hulle kinders en stel dus strukture daar om te verseker dat dit wat in die skool gebeur, in lyn is met dit wat tuis onderrig word.

Daar kan uit ouergelede studiekomitees gevorm word wat saam met personeel besin oor die gereformeerde karakter van die leerinhoud wat onderrig word. Voorts vind daar ook gereeld gesprekke tussen ouers en onderwysers plaas waar 'n gemeenskaplike standpunt gevorm word oor aangeleenthede soos leierskapontwikkeling, vryetydbesteding, sport en kulturele bedrywighede, ensovoorts.

Die klem skuif dus as 't ware weg van ek met my terrein, en jy met joune na 'n wedersydse ondersteuning van mekaar. Die onderwyser sien nie meer die ouer as 'n bedreiging nie, maar as 'n broeder of suster in die geloof met wie daar noue kommunikasie moet wees om op so 'n wyse uitvoering te verleen aan die beginsel dat ouers verantwoordelik bly vir die opvoeding van hulle kinders.

Onderlinge onderwyserinteraksie

As gelowiges doen onderwysers ook moeite om saam te groei in die beoefening van hulle beroep. Op 'n gereelde grondslag moet daar personeelsamesprekings plaasvind waar aspekte soos 'n gereformeerde kindvisie, 'n bybelse perspektief op die onderwyser, 'n Skrifgefundeerde dissiplinêre stelsel, ensovoorts bespreek word. Saam moet daar ook oor elke kind besin word om te verseker dat daar 'n eenduidige strategie in die opvoedingsgebeure gevolg word.

Personeellede bou mekaar op ten opsigte van die alledaagse bedryf van die skool. Die samebindende beginsel tree dus natuurlikwys na vore in die interaksie wat tussen personeel heers wat weer op sy beurt 'n direkte invloed uitoefen op dit wat in die klaskamer met leerlinge bespreek word.

Interaksie tussen verbondskinders en onderwysers

Die gelowige onderwyser wat die leerlinge voor hom as verbondskinders raaksien, handhaaf 'n heel ander verhouding met sy leerlinge as 'n onderwyser wat onderwys bloot net as 'n bepaalde beroep sien. In die woorde van die Spreukedigter 'My seun, vergeet my onderwysing nie en laat jou hart my gebooe bewaar', hoor ons dat die gelowige opvoeder die kind in 'n verbond-konteks sien. Daarom word verbondskinders nie verskree, geïgnoreer of sielkundig verkleineer nie, maar word hulle met liefde, deernis, empatie, maar tog ook met tug en vermaning opgevoed.

Omdat die onderwyser sy eie roeping begryp, en ook die plek van die kind ken en verstaan, ontstaan daar 'n verbondsinteraksie waar die onderwyser die kind as 'my seun' kan aanspreek. Dan is die remediërende aandaag of persoonlike probleme wat die kind mag beleef, nie te veel gevra vir die onderwyser nie, maar raak hy intens by elkeen van die kinders betrokke. Vanuit hierdie verhouding kan die onderwyser moeilike sake soos pornografie, materialisme en seksualiteit met die leerlinge bespreek.

Interaksie tussen kinders onderling

Seker een van die grootste invloede wat daar op 'n kind uitgeoefen word, is dié van sy maats waarmee hy omgaan. Ongelukkig is dit dan ook so dat ons as gereformeerdes meestal ver in die minderheid is en dikwels deur die stroom meegesleur word. In 'n gereformeerde skool verskil hierdie situasie egter aansienlik aangesien leerlinge uit ouerhuise kom waar daar vir hulle gemeenskaplike waardes voorgehou word. Alhoewel die sonde beslis nie buite 'n gereformeerde skool bly nie, is die waardesisteen tussen kinders onderling tog anders as gevolg van die eenduidige agtergrond waaruit die leerlinge kom. Daarom moet daar 'n verskil te bespeur wees in die wyse waarop leerlinge met mekaar onderling omgaan, asook die wyse waarop hulle hulle vrye tyd bestee. Op so 'n wyse slyp en vorm kinders mekaar onderling om juis as ligdraers in die volwasse lewensstroom te kan optree.

Dit is egter nie net die betrokkenes by die onderrig wat 'n kernelement is nie. Ook in die leerinhoud waaraan leerders blootgestel word, is daar 'n geweldige verskil te bespeur. Alhoewel die aardrykskundige feite, linguïstiese vereistes of wiskundige formules van skool tot skool ooreenstem, geskied die verstaan en die vertolking van hierdie waarhede op 'n heel ander wyse. Die kind moet in elke vakgebied daartoe gelei word om te besef dat die Here Heer van alle lewenssterreine is en dat sy gesag gevolglik oor elke studieveld strek. Dan kry die aardrykskundige of wiskundige feite nie net nuwe betekenis nie, maar leer die kind ook om die Here met sy hele lewe te dien en tot sy eer te lewe.

Dit kan egter slegs realiseer as die onderwyser self deurdrenk is van die roemryke dade van die Here en om nie op 'n kunsmatige wyse 'n morele sedelessie in die kind se keelgat af te forseer nie.

Deur stapsgewyse begeleide konfrontasie word die kind

ooreenkomstig sy ontwikkelings stadium op 'n gekontroleerde wyse aan die leefwêreld blootgestel. Hier is nie sprake van 'n 'kloostereffek' nie, maar wel van toerusting om as ligdraer in die wêreld te kan optree. Waar voorgeskrewe departementele leerinhoud (byvoorbeeld vigsopvoeding of intergeloofkennis) van leerlinge in laer klasse weerhou word, sal dit in hoër klasse vanuit 'n bybelse perspektief bespreek word. Op so 'n wyse word die leerlinge nie deur die ideologiese strominge wat staatsonderwys onderlê, oorspoel nie, maar kry ons kinders juis parate kennis om hulle weerbaar te maak vir die volwasse wêreld.

Gereformeerde onderrig veronderstel voorts 'n hoë akademiese standaard nie ter wille van die 'beeld van die skool' of 'die leerlinge se toekoms moontlikhede' nie, maar omdat God dit van ons vereis. Daarom word daar in gereformeerde skole effektiewe klasgroottes gehandhaaf, geskied daar individuele hulpverlening nauurs, en word leerlinge se leierpotensiaal

maksimaal ontwikkel. Hierdie en ander aspekte het egter altyd een doel voor oë, naamlik om die kind se Godsbeeld-ontwikkeling te bevorder. Dan is daar geen ruimte vir onderlinge wedywing ten koste van mekaar nie, maar word elke kind as 'n individu met sy of haar Godgegewe talente erken en saam word hulle daartoe gelei om die Here te dien.

In uitvoering van die beginsel dat ouers (nie die staat) vir die opvoeding van verbondskinders verantwoordelik moet wees, vergestalt daar dus ouerskole waarin gelowiges meewerk om kinders tot die eer van die Here op te voed. In dit wat hulle leer asook op die wyse waarop hulle onderrig word deur medebroeders en -susters in die geloof (onderwysers) moet leerlinge daartoe gelei word om die Here te dien op die wyse wat Hy van ons in die Skrif vereis.

Mag die Here ons hiertoe die krag gee dat ons in kinderlike geloofsgehoorsaamheid dit doen wat reg is in sy oë. Dan sal Hy ook die werk van ons hande bevestig.

REGTE

DIE LEERSTUK VAN MENSEREGTE

M Coertze, Pretoria

Menseregte bots trompop teen my geloof. Ek vind die leerstuk in stryd met my geloofsbelydenis as gereformeerde christen-gelowige. Daarom verwerp ek as regsgeleerde en gelowige hierdie leerstuk wat so aan die orde is in vandag se Suid-Afrika. Ek gee graag my redes kortliks hierna.

Herkoms van menseregte

Eerstens is die aard en herkoms van die leerstuk van menseregte onder verdenking, aangesien dit nie Bybels gefundeerd is nie. Die konsep van menseregte het geskiedkundig ontstaan vanuit die staatsfilosofiese beskouings van die 17de-eeuse Engelse humanis, John Locke. Hy het naamlik 'n voorstelling gemaak van 'n sogenaamde droomstaat ('utopia') waarin mense natuurlikerwys en sonder enige volksverband in vrede en harmonie saamleef.

Die burgers van hierdie humanistiese droomstaat sou dan beskik oor sekere basiese menseregte om hierdie ideale toestand van vrede en voorspoed te verseker en te handhaaf. 'n Verdere ontwikkeling van die menseregte-filosofie was gekenmerk deur die oordrewe klem wat geplaas is op verkryging van groter individuele vryheid en die beperking van die staatsgesag.

Die leerstuk van menseregte is sonder enige twyfel sekulêr en humanisties van aard en doen homself daarom wesenlik vreemd aan by die christelike geloof.

Die 'goeie mens'

Tweedens is die grondslag van menseregte problematies en ernstig onder verdenking. Fundamenteel tot dié leerstuk is die *mensbeskouing* daarvan. Die vertrekpunt van die menseregte-filosofie is dat die mens van nature goed is en oor 'n aangebore hoë waardigheid beskik wat beskerm moet word. 'n Verhewe, sentrale en oorheersende plek word aan die mens toegeken, wat dit radikaal teenoor die christelike geloof (en dan die gereformeerde geloof in besonder) posisioneer.

Die gewaande 'ingebore goedheid' van die mens is totaal onversoenbaar met die gereformeerde mensbeskouing dat die mens vanweë sy inherente bose natuur eerder geneig is om God en sy naaste te haat (vergelyk Sondag 2 en 3 van die Heidelbergse Kategismus en relevante Bybel-gedeeltes). Die gevolge van die menseregte-filosofie se fundamentele mistasting oor die menslike natuur het ongelukkig ook 'n verderflike invloed op elke ander lewensterrein.

So maak 'n owerheid en 'n gemeenskap, wat die leerstuk van menseregte aanvaar en aanhang, talle wette wat verkeerd en oneffektief is en selfs onreg kan teweegbring. Dit gebeur omdat die wetgewer van die foutiewe standpunt uitgaan dat alle mense van nature goed en edel is. Christene weet egter dat dit inderdaad in stryd is met die waarheid wat die Bybel ons leer. Die leerstuk van menseregte berus derhalwe op die dwaling dat elke mens van nature goed en edel is. Dit is regtens en moreel totaal onhoudbaar om met 'n dwaling te werk in teenstelling met die waarheid.

Die huidige situasie in Suid-Afrika is op talle gebiede 'n sprekende voorbeeld van die mens se inherente verdorwe natuur eerder as 'n natuurlike ingebore goedheid.

Die 'outonome mens'

Derdens lê die kwessie van sogenaamde '*menslike outonomie*' (dit wil sê die mens onafhanklik van God) aan die hart van die humanistiese aard van menseregte. Dit is die mens as onafhanklike, outonome wese wat in staat is om self (sonder God) sy eie heil uit te werk. Daarvolgens sal hierdie outonome mens dan in staat wees, deur die benutting en ontwikkeling (lees: evolusie) van sy eie innerlike potensiaal, om homself en sy leefwêreld voortdurend te verbeter. Daarvolgens is die mens self sy eie god en beskikker van sy lewe en lot. Hierdie beskouing van menslike outonomie is absoluut in stryd met my geloof en in stryd met die waarheid wat die Bybel my leer.

Wrange vrugte

Vierdens is die vrugte (gevolge) van die menseregte-filosofie vir my as Christen onaanvaarbaar. Ek verwys kortliks na sommige meer bekende voorbeelde daarvan:

- (1) Aborsie (babamoord) op versoek, terwyl die lewens van die wreedaardigste en koelbloedigste moordenaars ten alle koste beskerm word. Die moord op ongebore babas word geregverdig op grond van die mensereg soos vasgelê in artikel 12(2) van die Grondwet van Suid-Afrika, naamlik die vrou se

- reg op vryheid van keuse oor haar liggaam en reproduksie.
- (2) Die vrye beskikbaarheid van pornografiese materiaal in die vorm van tydskrifte en video's word geregtig op grond van die menseregte (vervat in artikels 9, 15 en 16 van die Grondwet) synde sogenaamde vryheid van keuse en vryheid van morele oortuiging. Die oormatige seksuele prikkeling met gepaardgaande perversiteite en banaliteite wat daardeur in die gemeenskap ingedra word, is van geen belang vir die menseregte-voorstanders nie. Die neerslag hiervan in die moderne kuns en kultuur (vergelyk byvoorbeeld die eietydse sogenaamde kunstefeeste en tv-programme soos 'Loerboet') kan nie misgekyk word nie.
 - (3) Die doodstraf is afgeskaf en so het die owerheid self die swaard van sy eie swaardmag stomp gemaak. Sedert 1994 sterf 25 000 mense per jaar in Suid-Afrika weens geweld en doodslag. Dit sluit nie gewone sterftes in nie. Sedert 1994 het dus reeds meer as 175 000 mense in Suid-Afrika gewelddadig gesterf. Vergelyk dit met die Bosniese oorlog in Europa waar in totaal 60 000 mense gesterf het, burgerlikes en soldate ingesluit. Dit word as 'n volskaalse konvensionele oorlog beskou. Hier in Suid-Afrika word egter menseregte verkondig en gesê dat ons sogenaamd 'n vreedsame oorgang na demokrasie' gekry het. Dit is 'n fiksie.
 - (4) Die bedrywighede van sogenaamde sekswerkers (prostitute) is nou onlangs deur die Hooggeregshof in Pretoria wettig verklaar op grond van die handves van menseregte. Dieselfde geld die kwessie van homoseksuele verhoudings wat nou deur die Grondwet beskerm word. Ook onlangs het 'n lesbiese vroue-regter van die Hooggeregshof haar met sukses op die Grondwet beroep ten gunste van die erkenning en wettiging van lesbiese verhoudings in terme waarvan lesbiese vroue kinders kan aanneem en grootmaak.
 - (5) Lyfstraf by skole is afgeskaf deurdat die Konstitusionele Hof lyfstraf van skoolkinders ongrondwetlik verklaar het. Kinders mag nie meer slae kry as hulle stout was nie, selfs al het hulle die grofste oortredings begaan. Die gevolg hiervan is dat ons skole se grootste kopseer deesdae juis die behoorlike dissipline van kinders is. Die kwessie van gewone lyfstraf (pak slae) by uitoefening van ouerlike tug by die huis is ook hierdeur besoesel en in gedrang gebring. Ek moes al by twee geleenthede in die afgelope jaar ouers verdedig teen klagtes van hulle kinders oor tug. Selfs waar christen-ouers van kinders in private christen-skole dit versoek het (ooreenkomstig hulle geloof), is lyfstraf steeds taboe volgens 'n hofuitspraak van die Konstitusionele Hof 'n jaar of wat gelede. Die ironie is dat vryheid van geloof ook in die Grondwet gewaarborg word.

Gods wet teenoor menseregte

In plaas daarvan om die humanistiese leerstuk van menseregte te probeer regverdig en aan gelowiges te probeer opdwing, moet eerder na die beginsel van die *Teonomie* (dit wil sê God se wet) gekyk word. Dit hou in dat christene dit nie vir lief moet neem dat byvoorbeeld landswette op sekulêre humanistiese beginsels gebaseer word nie maar op God se wet vir die mens. Die tien gebooe in hul volle omvang en praktiese werking moet nagekom word.

Soos sake nou staan, word God se wet en voorskrifte vir die mens beperk tot godsdienstige samekomste op Sondag. Die ander ses dae van die week geld die humanistiese wette van die sekulêre staat met sy leerstuk van menseregte. Hierdie dualisme is reeds besig om vernietigend op ons geloofslewe in te werk en die praktiese uitlewing van ons geloof te reduseer tot 'n blote akademiese oefening. Die gepaardgaande nadelige gevolge het dan ook nie uitgebly nie en is reeds sigbaar op alle lewensterreine in Suid-Afrika.

Baie teoloë het al oor die afgelope dekades ywerig, maar tevergeefs, probeer om die leerstuk van menseregte Bybels te

fundeer deur as 't ware 'n 'Christelike sousie' daaroor te drup. Die redes daarvoor is hoofsaaklik tweeledig:

- * Aan die een kant word menseregte gesien as die laaste en enigste hoop van 'n koerslose en ontnugterde mensdom. 'n Sekulêre mensdom wat wanhopig en soekend rondtas na die een of ander wonderkuur vir die ellendes van oorloë, politieke verdrukking en ekonomiese uitbuiting in ons gebroke wêreld.
- * Aan die ander kant moet die leerstuk van menseregte vir alle godsdienste en gelowe (spesifiek ook vir christen-gelowiges) aanvaarbaar gemaak word, sodat dit universeel aanvaar en ondersteun kan word. Wanneer menseregte universeel deur alle lande en alle mense en alle godsdienste as basiese leefreëls aanvaar word - so word geredeneer - sal die utopia vir die mensdom hier op aarde uiteindelik aanbreek. Ook laasgenoemde aanname is 'n dwaling wat berus op die valse grondslag van menseregte.

Sommige teoloë maak gebruik van verbluffende metodes om die Bybel volgens geselekteerde tekste uit te lê ten einde te probeer aantoon dat die beginsel (sic) van 'menseregte' in die Bybel gevind kan word. So byvoorbeeld word die Ou Testamentiese voorskrifte oor weduwees en vreemdelinge op uitsers gekunstelde wyse 'geïnterpreteer' as synde die 'bewys' dat menseregte sogenaamd in die Bybel gevind kan word.

Die twyfelagtige basis van daardie teoloë se argumente word oortuigend weerlê deur die Bybelgedeeltes waar Jesus Christus self aan die woord is, soos in die bergpredikasie (vgl. Matteus 5:38-42). Die morele voorskrifte in die betrokke Bybel-gedeelte hou glad nie steek met die beginsels van menseregte nie - intendeel, dit is moreel die teenoorgestelde daarvan. Ook in Lukas 17:7-10 (en ander vergelykende gedeeltes) waar oor die pligte van slawe en eienaars gehandel word, word morele voorskrifte aan gelowiges gegee, *sonder enige veroordeling* van die praktyk van slawehandel as sogenaamde 'skending van menseregte' of 'sonde teen die mensdom'.

Die eenvoudige waarheid is dat menseregte inderdaad geen Bybelse grondslag het nie en daarom deur die christen-gelowige as onbybels verwerp behoort te word. Menseregte is in der waarheid 'n uiting van die selfsug en egosentriese geneigdheid van die natuurlike, ongelowige mens. Prof. Bert Floor het dit by geleentheid beskryf as 'die barmhartigheid van die ongelowige'.

Ek is van mening dat die kwessie van menseregte 'n bedreiging vir die christendom inhou. Dit is as 't ware 'n Trojaanse perd in die geledere van die christendom. As ons mekaar se menseregte wedersyds respekteer, dan is beide die kerk en staat tevrede, want op die oog af is daar harmonie tussen mense. So bly naasteliefde en barmhartigheid tussen mense egter in die slag, want ek het dan my regte en jy het mos jou regte en as jy 'n probleem het, moet jy staan op jou menseregte. So is daar egter min of geen ruimte vir naasteliefde nie, want ek skuld jou mos niks, omdat jy jou menseregte het wat jy kan afdwing. As die een onbaatsugtige naasteliefde aan 'n ander betoon, word dit geïnterpreteer as 'n erkenning of toegewing van sy kant en 'n prysgawe van sy eie regte, omdat menseregte 'n voortdurende afweging van wedersydse egosentriese belange is.

Deur die aanvaarding van menseregte word die onderskeid tussen gelowiges en ongelowiges uitgewis, want volgens dié leerstuk is alle mense dieselfde en gelyk in alle opsigte. Hierdie vals aanname is in stryd met die waarheid en die praktyk van die daaglikse lewe. Dit is in stryd met die gereformeerde geloofsleer wat duidelik 'n onderskeid tref tussen die ongelowige, onbekeerde mens aan die een kant en die bekeerde en wedergebore, gelowige mens aan die ander kant. Of moet ons aanvaar dat hierdie onderskeid slegs geld wanneer ons Sondag in die kerk sit? Dit kan tog nie.

Met verloop van tyd sal gelowiges volledig die prooi word van die humanistiese afgodediens van menseregte en so van die christelike geloof vervreem word. Die praktiese implikasie

hiervan word geïllustreer deur die dominee wat onlangs in 'n voorval van padwoede 'n taai klap deur die gesig gekry het. Hy het besluit om regstappe te neem (op sy regte te staan) en soos hy dit self stel: 'Ek wou dit eers los. Die Bybel sê immers jy moet jou ander wang draai, maar om niks te doen nie is onverantwoordelik' (Beeld, 16 Augustus 2001). Ook die dominee sal dus op sy menseregte staan as hy wil prosedeer, selfs al sê die Bybel anders.

Die invloed van die menseregte-kultuur sal moeilik bestry kan word indien dit as deel van die godsdienstige oortuigings van gelowiges geassimileer word. In hierdie verband speel die

uitsprake van teoloë en kerklike vergaderings 'n uiters belangrike rol in die denke en geloofsoortuigings van gelowiges in die algemeen. Dit raak selfs die basiese waarhede van die gereformeerde geloofsbelydenis. Die vraag kan gevra word waarom christene steeds die huidige Grondwet (soms met groot ywer) ondersteun en propageer?

Ons kan nie toelaat dat ons denke langer deur die clichés van die menseregte-kultuur besoedel word nie. Die behoefte aan reformasie op hierdie gebied was nog nooit so dringend en gebiedend soos nou nie. Ons en ons kinders se denke en ons kosbare geloof is op die spel.

PERSSKOU

Ds GJ Meijer, Wonderboompoort

Amerikaanse bloedbad

Die terreur-aanvalle in Amerika op 11 September het die wêreld tot stilstand geruk. Die eerste reaksies was ongelof, skok, afgryse. Hoe is so 'n aanval moontlik? Wie sal so iets bedink en uitvoer? Kort daarna het Amerika by monde van sy president begin tande wys. Die meester-brein wat hierdie terreur-plan bedink het, moet uitgeroei word. Gerugte van oorlog doen die rondte. Op die internasionale politieke en ekonomiese platvorms vind ernorme skommeling plaas. Geldmarkte tuimel. Regerings wêreldwyd beplan sonder ophou om terreur hok te slaan.

Prof Koos Vorster van die Teologiese Skool Potchefstroom skryf soos volg oor die tragedie, onder die opskrif 'Die swaard van terreur' (nuusberig 11/2001 van die TSP).

11 September 2001 sal bekend staan as die dag waarop die hele wêreld die gesig van naakte terreur gesien het. Hierdie wyse van optrede is die nuwe manier van oorlog maak. Terroristenetwerke kry al hoe meer toegang tot hoëvlak tegnologie en lande word al hoe meer broos teen hierdie soort aanvalle. Dan is dit duidelik dat hulle steun van verskeie regerings ontvang.

Alle vingers wys op hierdie stadium na Moslem ekstremiste. Vir stereotiperings van alle Moslems as radikaal, moet mense egter nou versigtig wees. Die Islam is inderdaad intern verdeeld. Die vier hoofgroepe wat onderskei kan word is die Euro-Islam, die Indo-Islam, die Gematigde Islam van Arabië en die fundamentaliste. Hoewel die fundamentaliste 'n klein persentasie is, is hulle baie fanaties. Hulle regeer streng volgens die sjari'a, (die Islamitiese wet) en voer hulle oorlog deur middel van die jihad (heilige oorlog). In Afganistan regeer hierdie groep deur middel van die Taliban ('n soort godsdienstige raad).

Hierdie fundamentaliste word gevoer deur die eeue-oue patroon van godsdienstige fanatisme. Hulle vyand is Amerika. Amerika is vir hulle die simbool van dit wat boos is. Die Amerikaanse lewenstyl, hulle ekonomiese mag en hulle plek in die proses van globalisering word ervaar as 'n bedreiging van fundamentele Moslemwaardes. Hulle identifiseer die Amerikanisme ook met die Christendom en daarom sit hulle ook agter christenvervolg in sommige Oosterse lande. Volgens hulle moet hierdie vyand beveg word en om 'n lewe te gee vir die stryd word gesien as 'n besondere eer. Vandaar die doodsveragterende aggressie. En geen aggressie is so gewelddadig as dit wat gevoer word in die naam van godsdiens nie. Dit leer die geskiedenis ons ook.

Wêreldwye en spoedige militêre optrede teen hierdie funda-

mentaliste en die regerings wat hulle steun is onvermydelik. Hoe meer hulle hulle hand kan lê op gevorderde tegnologie, hoe meer sal hulle groot dade van terreur pleeg. Maar op die lang termyn van die geskiedenis is die eintlike antwoord die swaard van die Woord wat magtiger is as die swaard van terreur. Die aaklige gebeure van die week wys ons net weer op die grootsheid van ons roeping as christene.

Die oproep van prof Vorster om geen kategoriese stellings oor die Moslems te maak nie, is ter sake – veral gesien teen die agtergrond van die interne verdeeldheid onder die Moslems, soos dit in die nuusberig uitgespel is. Tog word dit uit die berig duidelik dat die stryd wat onderliggend aan die terreur-aanval lê, van godsdienstige aard is. Dit gaan oor baie meer as ekonomiese en politieke aspirasies. Die slangesaad voer oorlog teen die getroue navolginge van Jesus Christus. Die ruiters van die rooi perd, die swart perd en die vaal perd, waarvan Openbaring 6 melding maak, slaan hulle slag.

Vir menige Amerikaner is die godsdienstige stryd egter geen oorweging nie. Terreur moet uitgeroei word. Amerika moet sy staal wys. Dit is die taal wat deurgaans geuit word. Gelukkig is daar ook ander oproepe hoorbaar. In die nuusblad *Christians for Truth* skryf dr James C. Dobson (aangehaal in *Deo Gloria*, nuusbrief van die Gereformeerde Kerk Windhoek): *Our hearts and prayers are extended to the victims and the loved ones of those whose lives have been devastated by this cowardly act. But it will not destroy us or weaken our resolve. America has always rallied and drawn strength when it has faced tragedy and danger - and it will do so again. We need to pull our loved ones close, and to turn to the God of our fathers Who gave us solace and guidance in past troubling times. Specifically, I pray that the Lord will use this horrible experience to draw us to Himself. We have become self-sufficient and arrogant in recent years - as though we have no need of divine help. It is time for us to do some soul-searching, quite literally, as we reflect on this tragic day.*

Die laaste sinsnede stem ooreen met die gebede van Daniël (Daniël 9) en Esra (Esra 9). Die gebeure in Amerika behoort nie alleen die Amerikaners nie, maar alle gelowiges wêreldwyd ootmoedig op die knieë te dwing: 'My God, ek voel te beskaamd en verleë om my aangesig tot U, my God, op te hef, want ons ongeregtighede het oor ons hoof gegroei, en ons skuld is hemelhoog' (Esra 9:6). Sonder diepgaande skuldbelydenis kan daar geen heling kom nie. Intendeel.

'N RAND PER WEEK VIR DIE BIBLIOTEEK

Is u al aktief? (Sien vorige maand se redaksioneel)

Wie is die vyand?

'n Onlangse uitspraak van president George W Bush bevestig die stelling dat die godsdienstige stryd vir menige Amerikaner geen oorweging in die gesprek rondom uitroeiing van terreur is nie. Tien dae na die terreuraanval maak die president die volgende verklaring, soos weergegee in Beeld van 22 September: *Ons respekteer julle (die Moslems) se geloof. Dit word deur miljoene Amerikaners beoefen en deur nog meer miljoene in lande wat die VSA as sy vriende beskou. Die leerstellings van Islam is goed en vreedsaam en dié wat boosheid in die naam van Allah doen, laster in die naam van Allah. Die terroriste is verraaiers van hulle eie geloof en probeer Islam skaak. Die vyand van die VSA is nie ons talle Moslem-vriende nie. Dit is nie ons talle Arabiese vriende nie. Ons vyand is 'n radikale netwerk van terroriste en elke regering wat hulle steun.*

Die president het by dieselfde geleentheid ook die volgende waarskuwing aan die wêreld gerig: *Talle lande sal nou moet kies: hulle is óf vir die VSA, óf teen die VSA.* 'n Kragtige waarskuwing. Jy is die Moslem-vriendelike, terroris-hatende VSA se vriend, of jy is sy vyand – met die nodige gevolge.

Die oproep om vir of teen die VSA te kies en die uitsprake oor die Moslems staan in direkte verband met mekaar. Die boodskap wat hiervan uitgaan is duidelik. Die antitesis (teenstelling) is nie God teen die afgode, Christus teen die antichris, 'Hy wat nie met My is nie, is teen My; en Hy wat nie saam met My versamel nie, verstrooi' (Matteus 12:30), christen teen nie-christen nie; maar: Amerika teen sy vyande. Verlegde grense. 'n Ander vyand as waarteen die Skrif ons waarsku (onder andere Genesis 3:15, Efesiërs 6:10-20). In die proses word die eintlike vyand oor die hoof gesien. Lewensgevaarlik.

Die Roomse Kerk beweeg eweneens op hierdie gevaarlike pad. Beeld van 22 Mei berig soos volg:

Die Suid-Afrikaanse Biskopperaad se departement ekumene en intergeloof het gister aan die Moslemgemeenskap van Suid-Afrika 'n boodskap van groete, vrede en welwillendheid gestuur.

Die departement sluit in sy verklaring aan by die historiese optrede van pous Johannes Paulus II wat onlangs in Damaskus se Omayyad-moskee geskiedenis gemaak het toe hy die eerste pous geword het wat 'n moskee besoek. Die pous het by dié geleentheid gesê: 'In dié Heilige Land is Christene, Moslems en Jode geroep om saam te werk, met vertroue en dapperheid, om sonder versuim die dag te bewerk waarop legitieme regte van alle mense gerespekteer word en hulle in vrede en wedersydse begrip kan lewe'.

In dié gees stuur die biskopperaad se departement sy boodskap aan 'ons Moslem-broers en -susters', lui die verklaring.

Die departement verwys ook na die tweede Vatikaanse konsilie wat gelui het: *'Die kerk het hoë agting vir die Moslems. Hulle streef daarna om hulle sonder voorbehoud te onderwerp aan die verborge bevel van God, nes Abraham (aan wie se geloof die Moslems hul eie graag verbind) hom onderwerp het aan God se plan'.*

Die departement het alle Christene, maar spesifiek Katolieke, aangemoedig om na wedersydse begrip en samewerking te streef soos die konsilie mense aangemoedig het om te werk vir wedersydse begrip tot voordeel van alle mense ter wille van vrede, vryheid, maatskaplike geregtigheid en morele waardes.

Rome verklaar: Moslems is hulle broers en susters. Konsekwensie: Rooms Katoliek en Moslem het een en dieselfde vader. Hulle vorm saam een geestelike gesin, waar hoë agting, wedersydse begrip, samewerking, vrede en welwillendheid die wagwoord is – in ieder geval wat die Roomse Kerk jeens die Moslems betref.

Maar wat sê die Moslems oor die vermeende strewe 'om hulle sonder voorbehoud te onderwerp aan die verborge bevel van God, nes Abraham... '? Die Koran spreek hom soos volg oor Christus uit (Hoofstuk 4, Afdeling 23, Vers 171): *O mense van die Boek, moenie die bepalinge van julle godsdienste verontagsaam nie, en sê niks anders van Allah as die waarheid nie. Die Messias, Jesus, die Seun van Maria, is slegs 'n boodskapper van Allah en van Sy woord wat Hy as 'n genadegawe van Hom aan Maria gegee het. Glo daarom in Allah en Sy boodskappers. En sê nie: Drie-enige. Maar staak dit, dit is vir julle beter. Allah is 'n enkele God. Dit is ver van sy heiligheid dat Hy 'n seun sou hê. Dit is geen taal wat vir misverstand vatbaar is nie.*

Met betrekking tot 'hoë agting, wedersydse begrip, samewerking, vrede en welwillendheid' maak die Koran die volgende opmerking (Hoofstuk 60, Afdeling 2, Verse 7-9): *Dit is moontlik dat Allah liefde sal kweek tussen julle en diegene van julle met wie julle in vyandskap verkeer. En Allah is almagtig, en Allah is vergewensgesind, genadig. Aangaande diegene wat nie teen julle oor die godsdienste veg en julle uit julle huise verdryf nie, Allah verbied julle nie om vriendelikheid aan hulle te betoon en regverdig te handel nie. Voorwaar, Allah het die regverdige lief. Maar Allah verbied julle om vriendskap te betoon aan diegene wat teen julle veg oor die godsdienste en wat julle uit julle huise verdryf en ander help om julle te verdryf; en wie hulle ook al vriendskap aanbied, hulle is die boosdoeners. Ook dit is duidelike taal wat presies aandui waar die Moslems met alle nie-Moslems staan – ongeag uitsprake van die Suid Afrikaanse Biskopperaad, die Pous of die president van die VSA.*

Teenoor hierdie verskuiwing van grense staan die Gebed vir al die behoeftes van die gelowiges, om gebruik te word op die rusdag na die eerste preek (Psalmboek, p. 675): *'Ons bid U vir die arbeid van die sending onder Jode, Mohammedane en heidene'. In hierdie gebed word die grenslyne getrek soos God hulle in sy Woord trek. Moslems (Mohammedane) is afgodsdienaars, wat die evangelie van verlossing moet hoor en tot bekering moet kom – as dit God behaag. Hulle moet Jesus Christus as Seun van God en Verlosser glo en bely. Daarsonder kan daar geen sprake van 'broer- en susterskap' wees nie, en moet daar geen aansprake op 'hoë agting, wedersydse begrip, samewerking, vrede en welwillendheid' gemaak word nie. Al sulke aansprake is hoogstens afgestem op politieke gewin, en ry boonop alle sendingwerk in die wiele.*

MEDIESE ETIEK

Dr JM Boon is as gevolg van siekte en werkdruk tot Januarie 2002 verhinder om artikels in hierdie rubriek te skryf. Die redaksie wens hom algehele herstel van kragte toe en voorspoed met die afhandeling van sy studie in Engeland.